

Pretoriana



TYDSKRIF VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA
VERSKYN IN APRIL, AUGUSTUS EN DESEMBER

MAGAZINE OF THE OLD PRETORIA SOCIETY
PUBLISHED IN APRIL, AUGUST AND DECEMBER

Prys : 25c : Price

CHARL ANDRIES CILLIERS

OP 22 Januarie 1969 het mnr. C. A. Cilliers ons ontval. Met sy afsterwe het 'n bekende en gesiene persoon uit die samelewing van Pretoria verdwyn. Die Genootskap Oud-Pretoria sal hom onthou as een van sy gewaardeerde bestuurslede sedert 1966, en daarom is dit 'n eer vir die redaksie van *Pretoriana* om hiermee nogeens hulde aan hom te bring.

Gebore op Victoria-Wes op 19 Junie 1893 het Charl Andries Cilliers sy opleiding aan die Victoria College, Stellenbosch, ontvang waar hy aan die einde van 1912 die B.A.-graad behaal het. Vroeg in 1913 tree hy toe tot die staatsdiens as derde graadsklerk in die kantoor van die Kommandant-generaal, Aktiewe Burgermag, Pretoria. Hiermee begin 'n ononderbroke loopbaan as staatsampテナaar tot hy in 1951 op pensioen afgetree het. Sy herinneringe gee 'n pragtige, hoewel heel persoonlike, oorsig van die ontwikkeling van die staatsdiens van Suid-Afrika oor die betrokke jare. Dit is met 'n aantreklike sin vir humor vertel. Dit gee ook 'n besondere kyk op talle openbare figure met wie hy uit die aard van sy werk mee in aanraking gekom het. Ons hoop om van tyd tot tyd uittreksels van hierdie herinneringe te publiseer.

Hy werk aanvanklik onder generaal Beyers, destyds kommandant-generaal, en kom ook in aanraking met figure soos generaal Botha, generaal Smuts, generaal Manie Maritz en later met nog baie ander politieke figure. Na Beyers se bedanking tydens die Rebelle, kom ook hy onder verdenking en om hiervan te ontkom, versoek hy om in Suidwes-Afrika onder diens te gaan. Hy belewe interessante ervaring tydens die veldtog aldaar en keer daarna terug na 'n amptenaarsbestaan.

Van 1916 tot 1919 is hy privaat sekretaris van kol. Mentz, minister van Verdediging en Lande. Kort na hy as sodanig uitgetree het, is generaal Botha oorlede en hy tree op as een van die wagte by die kis en een van die organiseerders van die begrafnis. Onder sy papiere vind ons die volgende interessante briefie:


Die wag bij Genl. Botha

Waarde Vriend, Vergun mij u, die mij so getrouw gehelp 't, om die wag te hou bij die stoflik oorskot van wijlen ons geliefde Generaal Botha, vir daardie hulp seer hartelik te bedank. Ik weet die taak was swaar, nie alleen omdat dit vermoeiend was, maar ook van wege die treurigheid wat in elke hart geheers 't, doch nietteenstaande werd elke versoek uitgevoer met die meeste gewilligheid als 'n laaste bewijs van eer aan die groot volksheld. Nogmaals, geagte vrinde hartelik dank, want julle hulp was waardevol.

Uw. dw. dienaar,

Pretoria, 1 Sept. 1919.

(Get.) J. P. Jooste



MNR. EN MEV. C. A. CILLIERS.

Na byna twee jaar as gewone amptenaar in die departement van Lande, word mnr. Cilliers in 1921 weer privaat sekretaris, baie teen sy sin en alleen na generaal Smuts hom oorreed het, hierdie keer van sir Thomas Smartt, Minister van Landbou. As sodanig vergesel hy hierdie minister in geselskap van generaal Smuts na die Rykskonferensie daardie selfde jaar in Londen. Met die val van die regering in 1924 keer hy terug as amptenaar, hierdie keer as amptenaar in die departement Landbou en maak daarna vinnig vordering in die staatsdiens.

In 1934 word hy aangestel as onder-sekretaris van die departement Openbare Werke en in 1939 sekretaris daarvan. Met laasgenoemde aanstelling was hy die eerste gebore Suid-Afrikaner om hierdie pos te beklee en trouens die eerste staatsamptenaar wat na Uniewording van die laagste rang tot die hoogste in die staatsdiens opgeklim het. In hierdie jaar word hy ook lid van die Historiese Monumentekommissie, 'n pos wat hy vervul tot na hy uit die staatsdiens getree het, nl. tot 1953.

Hoewel reeds hoof van 'n staatsdepartement, word hy in 1940 aangestel

as gewone lid van die Staatsdienskommissie. Weens die moeilike oorlogsomstandighede word sy aanwesigheid in die kommissie deur die owerhede as noodsaaklik geag. Van 1944 tot sy uittrede in 1951 tree hy op as voorsitter van die Staatsdienskommissie.

Buite sy amptelike werk in die staatsdiens, speel hy sedert 1920 'n belangrike rol in die Vereniging van Staatsamptenare, as lid en later as voorsitter van die uitvoerende komitee daarvan. By sy oorlye was hy nog ere-*vice*-president van die vereniging. Ook in die Rotariërbeweging het hy 'n belangrike rol gespeel.

In 1923 is hy getroud met Hendrina Stephina Bosman, 'n kleindogter van generaal Nicolaas Smit, wat hom na 'n lang en gelukkige huwelikslewe in 1967 ontval het.

Redaksie.

DIE KULTURHISTORIKUS EN DIE BEWARING VAN HISTORIESE GEBOUE

(Praatjie gelewer op die algemene jaarvergadering van die
Genootskap Oud-Pretoria, 24:5:69)

TOE ek genader is deur u voorsitter om 'n praatjie te kom lewer op u jaarvergadering, was my onmiddellike probleem die een van totale onkunde. Ek het al gehoor van die Genootskap Oud-Pretoria. Maar wie is hulle en wat doen hulle?

My eerste stap was dus om meer oor u doen en late uit te vind. Ek het o.a. verneem dat u b.v. verantwoordelik is vir bronsplate op die Paleis van Justisie en die ou Raadsaal, sowel as by Kya Rosa, waarop die hele verhaal van die gebou kortliks uiteengesit word; dat u navorsing doen oor historiese geboue en die bevindinge publiseer in u blad „Pretoriana”; dat die „Vriende van die Kunsmuseum” u baba is; dat u vir die koerante skryf en vergaderings hou waar sekere geboue (bv. die Nederlandse Bankgebou) bedreig word met sloping en dat u jaarliks 'n skooltuin-kompetisie hou.

Ek is seker dat hierdie lys baie onvolledig is en dat u aktiwiteite baie verder strek. Tog het daaruit vir my twee interessante aspekte na vore gekom:

- (1) dat u uself besig hou met die historiese, sowel as die huidige probleme van stedelike estetika;
- (2) dat ek, as gewone burger van die stad, totaal onkundig is/was oor u strewes.

Laasgenoemde aspek is sekerlik my verlies en toe te skryf aan 'n gebrek aan belangstelling van my kant af. Ek het al van u vereniging gehoor,

maar daarby het dit gebly. Hierdie saak het my gehinder en in my navrae oor u strewe het ek my inligtingsveld wyer en wyer uitgebrei. My bevinding? U is onbekend, of liever, u strewe, aktiwiteite en prestasies is onbekend by 'n oorweldigende deel van die algemene publiek. Kom ons kyk egter na 'n probleem waarmee u — en ons as professionele liggaam, ons bemoei — die probleem van stedelike estetika. Die gemeenskap is 'n bouende gemeenskap en van sy daade bly die strukture wat hy dan oprig, sekerlik as die duidelikste openbaring van sy strewe agter. Hieroor kan ons sonder veel vrees vir teespraak dit stel dat die mens vandag sonder veel oordeel en insig en op ongeërgde wyse, 'n omgewing skep wat alte dikwels nie kan bydra tot sy geestesgesondheidstoestand nie.

Ons hoef maar net vir 'n oomblik die besondere bril waardeur ons na ons omgewing kyk, af te haal om dit te sien—hetsy romanties- of historiese- of kommersiële bril.

In sy rede op Gelofte-dag verlede jaar, het Prof. A. C. Cilliers van Stellenbosch hieroor verwys na, wat hy genoem het, die tweede Groot Trek. Dit is die trek na die stede, en:

„Die tweede trek staan nie, soos destyds, onder leiding van 'n paar gekose volksleiers nie, maar van die besturende direkteure van 'n aantal mededingende geldmagte, wat maak en breek byna soos hulle wil — alles onder die vaandel . . . van wat genoem word „vooruitgang” . . . Ek waarsku teen die hordes geraffineerde geldwolwe wat toegelaat en aangemoedig word om met barbaarse ongebreidelheid toe te sak op 'n aantal van ons mpoiste stede en dorpe om daar sosiaal-kulturele verwoesting te saai, op groot en toenemende skaal. Ek praat van die Afrikaans- en Engelssprekende Hoggenheimers van die na-oorlogse jare!!”

Hierin lê die probleem. Juis hierin en in die feit dat ons daarbuite nie van u weet nie. Ons weet wat tans in die bogenoemde stede en dorpe aan die gang is. Prof. Celliers praat van Stellenbosch, Paarl, Wellington en ander, en ons weet ook dat dit in Pretoria op groot skaal aan die gang is. Ons weet ook dat sedert Jan Alleman die beurs ontdek het so in die laaste twee-of-so jaar, al waarin hy belangstel is hoe staan dit met sy Groeifonds-aandele vanaand. Indien hy bietjie meer individualisties is, draai dit om sy Coriet Drives, of ander ontwikkelaarsgroepe. Wat met sy geld gebeur in die hande van daardie mense, skeel hom min, solank as wat die beursnotering vanaand hoër staan as gisteraand. U as kultuurhistorici staan dus eintlik tussen hierdie gees van „ontwikkeling” en behoud. Maar as ons eerlik moet wees kan u nie veel simpatie verwag nie. Nog minder staan die geboue waaroor u navorsing doen veilig teen die aanslae van hierdie magte, en ergste van alles, nog minder het die strewe van u beweging veel toekoms as kultuurstrewe, veral as hy voortgaan om afgesonderd te staan. „Monument-preservering” is dus allermins die probleem waarmee die kultuurhistorikus hom vandag primêr moet besig hou. Die probleem lê dringender elders. Wyle dr. Nicol het dit pragtig gestel toe hy gesê het:

„Dit gaan nie om die preservering van die verlede nie, maar om die verrykking van die toekoms.”

Hierin lê dan die probleem van die onkunde van die gemeenskap oor u strewende — Kom ons stel dit so: Hulle en ek het nou werklik nie veel erg aan al hierdie gedoe oor muwwe, uitgediende onpraktiese ou geboue nie. U is die kultuurhistorikus wat begaan is oor die bewaring van historiese geboue en monumente. U staan, vir die gemeenskap in die pad — u is „lastig” in die oë van die vooruitstrewendes. Maar u staan egter heel dikwels as laaste skans vir behoud.

Kom ons bekyk weereens die situasie. Die kultuurhistorikus is gemeoid met historiese menslike optrede en inwerking. Wat ons gedoen het, is vir u belangrik. Gesien vanuit die oogpunt van dr. Nicol, is dit eweneens belangrik waarheen ons gaan. Wat wil ons nou bebou? Wanneer kry argitektuur kultuurhistoriese waarde? Sekerlik nie wanneer hy 60+ jaar oud is nie, maar vanaf die oomblik dat hy sy funksionele rol begin speel — m.a.w., wanneer hy op verrykende wyse begin bydra tot die lewe van die gemeenskap. Oud, nuut, maak nie saak nie, solank die bydrae positief is. By bewaring gaan dit dus nie om die balsemingsprosesse nie. Ons wil en moet nie bevries nie, ons moet herlewing bring. Die mens groei en ontwikkel, hy beur êrens heen en om hom te stop, om dwars te gaan lê voor groei, is nie alleen nutteloos nie, maar verkeerd.

Kom ons sloop bv. al die historiese geboue om Kerkplein en vervang hulle met die beste van die hedendaagse — aangepas by vandag se funksionele behoeftes. Op welke wyse is ons verarm? Ek twyfel of u aan die man op straat op werklik oortuigende wyse kan bewys dat indien die Raadsaal môre sou val, hy ’n verarmende kultureel-estetiese knou sal kry weens verlies van die gebou se:

- (a) estetiese waarde;
- (b) kleur, tekstuur, detail, ontwerp van sy deurknop of enige ander aspek van sy bestaan, wat nie ewe goed vergoed kan word deur ’n goed ontwerpte moderne eweknie nie.

Dieselfde geld vir die ou Nederlandse Bankgebou, die Metro Cycle House, die ou Gimnasiumgebou, die Opera House en vele ander.

Die knou kom nie deur die verdwyning van die historiese landmerk nie, maar spruit vanuit die kulturele orientasie wat hom so dikwels onnodig laat verdwyn het. Blote tydsgebonde- of „historiese gebeurtenis”-kriteria gaan nie die onverskilligheid teenoor die noodsaaklike veelvuldigheid in die stedelike toneel te bowe kom nie. Blote verloop van tyd bring alleen ’n kunsmatige waarde. Die werklike waardes is gesetel in begrip by die aanskouer, hetsy ontwikkelaar of behouer. Hierdie waardes is nie tydsgebonde nie. Dit is op die ontwikkeling van hierdie waardes waarop u u moet toespits.

Vandaar dan weereens die probleem van die kultuurhistorikus. Indien u, soos die genootskappe, stigtings, kommissies, ens. so dikwels doen, ’n historiese waardebepaling alleen probeer neerlê, gaan u in u strewende gekort-

wiek word. Ek wil geensins beweer dat die historiese „monument“-siening verkeerd is nie, maar wil dit alleen stel dat die belangrikste element: „oriënterende begrip”, kwalik daardeur bereik kan word. Elke monument wat u of enigiemand anders red, restoureer of preserveer, is baie belangrik en ’n groot gebeurtenis. Dit bly egter ’n kulturele tragedie, indien dit slegs die resultaat bly van ’n klein groep toegewydes se ywer en nie ’n manifestasie is van ’n gemeenskaps-strawe nie.

So word „museumstukke” dan tot stand gebring ad infinitum. Hierdie benadering bied wel aan die kultuurhistorikus die oplossing dat hy daarin kan slaag om die besondere gebou te red. Inderdaad is die grootste gedeelte van ons argitektoniese erfenisse gered op hierdie wyse en staan hulle as geïsoleerde monumente in die meeste van ons dorpe en stede. Maar hierdie museums het ook ’n baie besondere en ernstige nadeel. Dit bied aan die gemeenskap die geleentheid om werklike deelname en verantwoordelikheid te ontdek, t.w. deur die gemeenskaplike bewaringsverantwoordelikheid van ’n besondere gebou of stedelike toneel opsy te skuif en dit die verantwoordelikheid te maak van die paar bewakers. Dit is, vir die gemeenskap, ’n gewetenstroos waarvoor hy so nou en dan ’n bydrae sal gee ter instandhouding daarvan. Dit maak van sy kulturele erfenis iets wat deur andere versorg word — veilig in ’n kas toegesluit om besigtig te word op weksdae van 8.00 vm. tot 5.00 nm., en Saterdag en Sondag en Publieke vakansiedae van 8.00 vm. tot 12.00 vm. Begrip — nouja, dit is interessant, ’n kurio. As dit kom by kultuur — dan reis ons oorsee om na die historiese te kyk. Dan gaan ons na Europa. Ons misken die eie.

Dit is hierdie selfde gebrek aan begrip wat byvoorbeeld daartoe gelei het tot die gedagte om President Kruger as natuurbewaarder te vereer deur die natuurlikheid van die omgewing te versteur — en aan die ander kant is dit weer begrip by die publiek vir natuurbewaring, wat sekere van die agitasies teen hierdie beeld op tou gesit het. Dit is dieselfde gebrek weer eens, wat belangegroepe daartoe bring om wetswysiging aan te bring ten einde hul wil af te dwing t.o.v. hierdie beeld. Dit is begrip wat pleit daarvoor dat sekere aspekte van ons omgewing onskendbaar verskans moet word in ons wetgewing, sodat so ’n beeld-voorval nie herhaal kan word nie.

Maar die toevlug tot wetgewing is ’n ongelukkige stap. Dit spruit nie vanuit ’n innerlike oortuiging van die waardes wat beskerm word nie. Dit word van buite afgedwing. Dit is kunsmatig en weereens ’n ontduikingsproses.

Om hierdie rede kan ek persoonlik, al die goeie argumente ten spyt, my byvoorbeeld nie heeltemal versoen met die gedagte van die opelug museum van argitektoniese voorbeelde by die Fonteinedal nie. Die bestaan daarvan kan geregverdig word sonder moeite, maar dit los nie die probleem van publieke onverskilligheid op nie. In hierdie opsig wil ek slegs graag aanhaal uit die referaat van Prof. O. Pryce Lewis: (“Aesthetic relation to town planning,” bl. 77):

“While the American Valhallas serve the valuable purpose of preserving

that which would otherwise be lost, they can be nothing more than museums which must be intentionally selected by visitors. The buildings by the very fact of their removal, deny that everyday contact with the general population of the city centre, which is surely the essence of all sensitive peoples' desire to leaven their city with the yeast of the past. A building should hallow its site and its neighbourhood; it should add to it; and an historic building, if it has performed this duty, is surely a reminder, an exemplar of other patterns of life and thought which is held up as a gauge of present thought and life. For this reason the town plan which wilfully removes that which need not be moved, even by a foot, does so at the peril of its own yardstick." (The Preservation and Restoration of Historic Buildings in South Africa, Balkema, Kaapstad, 1968.)

Wat nodig is is dat algemene begrip vir die strewende van die kultuurhistorikus moet ontstaan. Sy beeld na buite is die van romantiese onrealisme. Hy staan teenoor die leiers van die nuwe groot trek. Hy moet nie laer trek of uitwyk na die Fonteinedal nie, maar op ewe dinamiese wyse as sy teenstaander meewerk vir die verryking van die toekoms. Die kultuurhistorikus moet uit die museum uitkom en optree midde in die daaglikse lewensroom.

Dit wil dus vir my voorkom asof die probleem as volg aangepak moet word:

- (1) Die afsondering waarin die kultuurhistorikus leef en werk moet verbreek word, sodat wedersydse agterdog kan verdwyn en begrip kan kom vir mekaar se strewes.
- (2) Beide partye moet saamwerk om 'n nuwe stel kriteria op te stel vir die bewaring van historiese geboue. Die stedelike toneel is 'n dinamiese kontinuum wat nie bevries moet word nie. Al sy fasette moet tesame oorweeg word in stadsbeplanningskemas en by stedelike hernuwing. Die behoud van hierdie kontinuum is belangriker by stedelike estetika as die behoud van die geïsoleerde monument. Argitektuur is 'n funksionele kuns, en sodra die funksionele aspek verdwyn, verloor die gebou sy aanspraak op bestaansreg. 'n Nuwe lewenskragtigheid moet gevind word vir die „monument“.
- (3) Die kultuurhistorikus moet hom primêr toelê op 'n program wat sal lei tot die bewusmaking by die publiek van die gevolge van hierdie tweede Groot Trek, soos Prof. Cilliers dit genoem het. Begrip is beter as besit. As ons albei kan hê is dit tot ons voordeel, maar op die oomblik beywer die kultuurhistorikus hom egter hoofsaaklik vir behoud met die hoop dat begrip eendag sal kom. Die gevaar is dat die „museum“ benadering tot die bewaring van historiese geboue daartoe gaan lei dat die bewakers van hul eng troon gestoot gaan word weens onvermoë om tred te hou met die realiteit van die moderne samelewing onder leierskap van Prof. Cilliers se „Hoggenheimers van vandag“.

— J. P. SNYMAN.

HOLLANDSCH MANNENKOOR, PRETORIA

DAAR word verwys na die artikel getiteld "Uit die nagelate Papiere en Foto's van F. C. Kraamwinkel" in PRETORIANA No. 59 en die vraag wat die skrywer daarin stel wat van die vaandel van die Hollandsch Mannenkor, Pretoria, geword het. Prof. G. van Alphen, Direkteur van die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut, Pretoria, het na vore gekom en daarop gewys dat die vaandel hom by die Instituut in die Ou Letteregebou van die Pretoriase Universiteit bevind, dog sonder sy bybehorende kas. Hoe en wanneer die vaandel by die Instituut gekom het kan tans nie beantwoord word nie. Dit wil in ieder geval voorkom of dit eers in die veertigerjare dáár aangeland het. Na die tot niet gaan van die Mannenkor moes die vaandel hom derhalwe vir baie jare elders bevind het.

Die tand van die tyd was jammer genoeg straf op die nou 71-jarige vaandel. Aan die hand van die foto uit 1898 kon dit ook vasgestel word dat die versierde metaal bostuk en die vaandelstok ontbreek. Alhoewel die vaandel se eertydse glorie verlore gegaan het, bly ons dankbaar vir dié onbekende instansie wat soveel sin in die geskiedenis gehad het om tot die daad oor te gaan om te sorg dat die vaandel by die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut bewaar word.

— P. O. KRAAMWINKEL.

WAR LETTERS FROM THE VELD A.D. 1900

C. R. PRANCE

III.

To:— ? Pretoria. Oct. 8.

About 9 p.m. In the foreground are rifles "piled", i.e. stood back to back six or eight together; twenty yards away, up a red sandy slope, are the queer makeshift tents of the Imperial Light Horse camp, white calico, oblong, with steep-pitched roofs. Here and there is a "Wait-a-bit" bush, harsh and artificial-looking. Behind, on either side of the I.L.H. camp is a hard bare kopje; and between, over the tents, glares the theatrical electric African full moon. On the bare ground, black silhouette figures pass now and then in ones and twos, some with the military-melodrama swagger of the I.L.H., but mostly with the indescribable but quite distinctive "Robber" gait of Brabants Horse.

Camp sounds are rather amusing. From various funny little tents (known as "louse-traps" in the vulgar tongue) made of two rifles founded on fixed bayonets stuck in the earth and two blankets, with bridle-reins as guy-ropes, there issue broad criticisms of the size of persons' feet — "do you buy your feet by the yard or the lb.?" and other such primitive wit — a sleepy untutored voice drones an old Music-Hall ditty "The Midnight Sun" ad lib; further on, a strident voice invites all and sundry to "Roll up and be robbed — Roll up; if you don't speculate, you can't accumulate" etc. "Up she comes, the lucky little ace; gentlemen; so we take the stakes — you can't **always** win, you know" — and so on with the unceasing rattle of a mill-wheel.

Further down, a rival establishment proclaims

"Round and round and round she goes;

And where she stops, nobody knows."

Which implies that some Public Benefactor is inviting you to accumulate wealth at his expense by playing with his Wheel of Fortune.

A noisy party comes in to shake-down, three in a tent six feet long by $3\frac{1}{2}$ feet wide, as described above, merry from yet another square meal after a spell of short rations, and accusing the "Midnight Sun" singer with rude chaff — "Oh get something to cure that wheeze, do!" and so forth; while in the distance some unknown poet whistles pensively "In Old Madrid". Across the open, the I.L.H., happy in view of disbandment tomorrow, are singing "Songs of the Sea" and hotly maintain that "they **can't** beat the **boys** of the **Hall-dog** breed . . ." etc.

As for ourselves, we have been holding Indignation meetings for hours, discussing from every point of view . . .

(Letter cut short, probably by the Censor.)

EPILOGUE.

We were kept hanging about within tents or any such luxuries, for several days, expecting our discharge. Then one day we were paraded; it was explained to us that the war was practically over, and we were invited to transfer to the South African Constabulary, then being raised — to keep the peace which was supposed to have been made. Any man willing to transfer — "Two paces to the front, Quick March". But not a man budged, and we were dismissed to idleness in camp.

A day or two later, we were again paraded and invited to re-engage for duty as Mounted Police until the Constabulary was raised. Any man willing — "Two paces to the front, Quick March". About three men advanced two paces; the rest of us stood fast, determined to revert to civilian life if the war was really over as they said. Expostulation and exhortation were useless. We were dismissed.

After another day or two, those in authority surrendered to discretion. We got orders to hand in all our equipment, saddle and bridle, rifle, water-

bottle, blankets and great-coat, to the Quartermaster-Sergeant, and then go to the Orderly-room (tent, circular) for our discharge certificates. We could leave our addresses there, to which our back pay would be sent. But of course most of us hadn't a bean in the meantime on which to re-start life.

No money to buy clothes etc. and the train down to the Cape would take 2 or 3 days. To hand in great-coat and blankets seemed hard. However — it was an order. But there was a side-track out of it, as the Q.M.-Sgt. explained that he too was taking his discharge that night, and would meantime give signed receipts for "Full equipment" without poking into things. In other words, we could keep coats and blankets.

At Orderly-room, clerks were working overtime making out discharge-sheets in official form, but on mere scrap paper as no Official Forms were to be had. Each man's "character" was left for the Colonel to fill in — which gave us a good joke. Our old Troop Sgt.-Major, "Three-fingered Jack" had been in disgrace with "Texas Jack" ever since that disgraceful incident of our sudden march to Commando Nek; and he sternly foamed at the mouth on getting his Discharge Sheet with "Character and Conduct: **Fair**". He suggested that the Q.M.-Sgt. should fake it to read "Very Fair" but was at last persuaded that that would be even worse. So he got hold of the Major, a decent and reasonable man, who got him a fresh discharge made out, with "Character and Conduct: "Very Good" or something to that effect, and signed it himself as "For the O.C." In fact the old chap was within his rights, when he said that if his character was only "Fair" he should have been "reduced" long ago.

We were given chits entitling us to free transport to Cape Town and told to report ourselves to the officer in charge at the Station. But on inquiry, we learned that, being now discharged, we were no longer entitled to draw rations, and must make our own arrangements for our food on the way.

I had a little money on me, luckily, and six of us made up a party, buying bread, tinned stuff, tea, sugar, tinned milk calculated to last us 2—3 days. It was as well we did, for whenever the train stopped at a station, sentries were put on to see that we did not leave the train — not even to pop across to the Refreshment Room for tea and bun. But we used to manage tea, when the train stopped in open veld as it did frequently, one of us running forward and "tipping" the engine-driver to blow out his cylinder-drains into a tin "billy-can" in which was tea. Beastly brew, of course, with overpowering flavour of oil. But it had to serve. What the other fellows did, who had no money to buy stores to bring along, we never heard.

Alas, it took us three days and all our stores to get as far as De Aar — with another two days to go. But by what looked like a Special Providence, the train was re-shuffled here and made up again with an open truck next to ours, full of packing-cases. They were labelled to a Military Medical Brass-unit in Kimberley, and for some reason going the wrong way. But

they were all full of Fortnum & Mason's choicest eats, cutlets in tomato sauce, tinned quail in aspic, puddings of the daintiest . . . We got busy in the dark between stops, broke up such boxes as we fancied, and threw the food with the labels overboard.

So after all we reached Cape Town in goodish shape, after five days and nights in an open truck; but besides our out-at-elbows and out-at-knees-and-seats breeches, we all lost our hats in a gale on the last day, and arrived looking like people on whom the Salvation Army Shelter would almost close its doors. But — "money talks". I boldly took a cab to the Queen's Hotel at Sea Point (wearing an eight-months' beard, and demanded my old room as bold as brass. To her resounding credit, the lady housekeeper named me on sight in spite of my disguise, though she did have to laugh. So I had about an hour in a hot bath, shaved, got into clean "civvies", and sent every vestige of my lousy rags to be burned.

Next day I met my old pals, up against it for want of their back pay. So on spec. I went to try if anything could be done by Uncle H's friend Colonel Churchill, in the Pay Dept. at the Castle; the dear old man fixed it up at once, taking our word for what pay was due, and handing us the cheques on the spot. CHEERS.

Incidentally, a month or so later, at the address which I had given on discharge, I got another cheque for the same back pay. But on consideration I decided not to refund it, but to take it as a bonus for my distinguished services.

(Submitted by N. A. COETZEE.


Taken from the original manuscript.)

THE EARLY DAYS OF WATERKLOOF

FROM *Lochhead's Guide, Handbook and Directory of Pretoria* we take the following description of the new suburb Waterkloof which was then (in 1912) in the process of being established by the Pretoria Townships, Limited.

The Township of Waterkloof, adjoining Pretoria, is the highest and most picturesque of the suburbs of the Capital of the Union, and is beautifully situated amongst the hills to the South-East. For the resident whose business hours are spent in the buildings of the City, as for the man of leisure, this Township will undoubtedly appeal in a very marked degree as the place in which to reside.

The proprietors, the Pretoria Townships, Limited, supply at Municipal rates, the purest water from the depth of 600 feet, brought to the surface by means of a syphon, and upon which daylight falls for the first time as it



A general view of the approach to Waterkloof (Crown Avenue) showing the Garage and Power Station, two of the Residential Cottages, and the Township Manager's Cottage on the right.

leaves the consumer's tap. From an up-to-date Power Station is generated the electric current which provides light for the Township, also at Municipal rates, while the sanitary service is taken in hand by the Suburban Health Committee.

Reference must be made to the approach to Waterkloof by means of a perfectly constructed avenue. This avenue is well lit by electric lamps at night, and forms a most picturesque feature in the connecting of the Township with the centre of Pretoria, to and from which a frequent and convenient service of motor omnibuses has been installed, with fares about half the rate of the Tram Service, special concession being made in regard to monthly tickets for residents and scholars.

Waterkloof attains perfection in the matter of its salubrious climate, which, while mild in Winter, is cool in Summer, and the clearness of its atmosphere enables an extensive, and never-to-be-forgotten view to be obtained from the summits of its beautifully wooded hills over 8,000 square miles of surrounding country, which includes the mountain ranges of Heidelberg, beyond Johannesburg, the Magaliesberg, and the Middelburg Hills; while in the foreground looking across Sunnyside and Arcadia, may be seen the Union Buildings and Government House.

For those seeking pleasure and sport, too much cannot be said of the Country Club, situated on the South-Eastern portion of the Township, with its Club House, at the floor of which is the lake and beautiful stream of water, golf links, tennis courts, and all that can be desired for those in



Portion of Waterkloof showing some of the houses.

search of recreation, or a picturesque beauty spot in which to enjoy peace and quietness.

Purchasers of Waterkloof erven, which are sold in Freehold, have been secured, by the restrictions necessary for the welfare of the Township, which are places on the title, against unworthy or unsightly buildings being erected in the vicinity of their property as it is a condition that the houses must be substantially built, and no wood and iron residences are permitted, the plans of all buildings must first have the approval of the Board of Management, and no coloured persons, except domestic servants, are allowed to reside there.

Already twenty houses have been built in the Township, while many more are about to be erected of the most attractive design and of the best finish.

People of Pretoria are indeed singularly fortunate in having so lovely a suburb as Waterkloof in which to make their homes, endowed as it is with a perfect climate, magnificent scenery, and excellent soil — a Township in which every convenience and exceptional facilities are provided for those willing to take advantage of the many benefits extended in the spirit of enterprise which has prompted its establishment.

Furthermore the time table for the Waterkloof Motor Busses are given showing that on week days there were eight busses moving between Waterkloof and Church Square.

— EDITOR.

PERSONE NA WIE DIE STRAATNAME IN DANVILLE-UITBREIDING NO. 1 VERNOEM IS

OR die betrokke vernoemdes volg hierna beknopte biografiese besonderhede oor — (1) BRAND, (2) BUCHLER, (3) DU RAND, (4) LOCHNER.

(1) **BRAND, Gerhard Hamilton** (alom “Gerrie” genoem), is op 8 Oktober 1906 in Seepunt, Kaapstad, gebore. Sy tweede naam het hy gekry omdat sy familie vurige ondersteuners van die klub Hamiltons was, waaraan ook hy later sou behoort.

Sy skoolopleiding het hy aan die Seapoint Boys High ontvang.

Van 1928 tot 1938 het hy Suid-Afrika op die rugbyveld, merendeels as heelagter, gedien in talle toetse hier en oorsee, naamlik:

In 1928 : Teen die All Blacks in S.A.

1931/32: Teen Brittanje oorsee.

1933 : Teen die Wallabies in S.A.
(Tydens hierdie toetsreeks het Gerrie vir S.A. in die vierde en die vyfde (finale) toets vleuel gespeel.)

1937 : Teen die All Blacks oorsee (Gerrie het op de toer 'n rekord opgestel deur in twee wedstryde 24 punte met sy skoën aan te teken — sy groototaal punte vir die toer (209) was seker ook 'n rekord.)

1938 : Teen Brittanje in S.A.

Na die Tweede Wêreldoorlog het Gerrie weer uitgedraf, en hoewel 'n bietjie stadiger met sy ou vaardigheid nog plek in die W.P.-span gekry. In 1945 speel hy sy laaste wedstryd vir die streeptrui teen Transvaal op Ellispark en toe het hy so stilweg sy skoëne net soos hy op die rugbyveld rondbeweeg het.

In ongeveer 1948 het Gerrie met sy gesin van sy geboorteplek, Kaapstad, na Bloemfontein versit, waar hy as verteenwoordiger van 'n vooraanstaande brouery in die O.V.S. min tyd vind om veel meer as net belangstelling in die nasionale spel aan die dag te lê. Wanneer hy egter tyd tot beskikking het, beoefen hy gholf of neem deel aan bootreisies op die Kafferrivierbesproeiingsdam 20 myl uit Bloemfontein nit.

BRONNE:

- (1) INGRAM, F.: "What Happened to Gerry Brand?" *Spotlight* 8-10 Mar. 1953.
- (2) CRAVEN, D. H.: *Springbok-annale (Rugby)* 1889 - 1964.
- (3) CRAVEN, Danie: *Springboks Down the Years*.
- (4) *Die Huisgenoot*, 22 Mei 1964. bl. 31.

(2) **BUCHLER, John Ulrich**, is op 7 April 1930 te Johannesburg gebore waar hy tans nog in die voorstad Robertsham woonagtig is.

Hoërskoolopleiding tot Matriek het hy geniet aan die Randfontein Tegniese Kollege. Na Matriek begin hy werk in een van die Randfonteinmyne wat later gesluit is.

Hy het al vroeg „rugby-aanleg” getoon. „His early rugby record is remarkable . . . at the age of six, he was given a pair of rugby football boots as a Christmas present. A year later he was dropping goals over the roof of his home . . . ”¹⁾

Sy rugbyloopbaan het hy op Venterspos begin en wel as heelagter, maar soms het hy ook senter en losskakel gespeel. Op heelagter was Johnnie die Springbokke se held in die wedstryd om die rugbykampioenskap van die wêreld — die veelbesproke derde toetswedstryd op Cardiff Arms-park teen Wallis.

Tydens die toer in 1951/52 het hy in al vier die toetse gespeel en ook in 14 van die 31 wedstryde en met 3 vervyf- en 2 strafskoppe altesame 12 punte aangeteken.²⁾

Johnnie Buchler het alles te danke aan sy vader wat hom op die pad na Springbokskap gebring het met die woorde: „Voor jy môre-oggend skool toe gaan, vat jy in die spens ’n handvol mielies of boontjies. Soos jy loop gooi jy elke tree ’n mieliepit vir elke voet en in die loop skop jy elke slag.”³⁾ Dit was in 1944 toe hy net rugby begin speel het.

Die eerste Buchler-stamvader het byna ’n eeu gelede uit Switserland na Suid-Afrika gekom. Hy was ’n geestelike en het in Johannesburg die Sionskerk — ’n Baptistekerk — gestig. Sedertdien was die Buchlers predikante of geestelike werkers vir hul eie kerk. Johnnie is bekend as ’n streng godsdienstige mens en sy vrye tyd word uitsluitend in beslag geneem deur evangeliesiasiewerk vir sy kerk.

Sy moeder was ’n nooi Van As, van die O.V.S.

BRONNE:

- (1) R. K. STENT: *The Fourth Springboks* 1951 - 1952.
- (2) *Die Brandwag*: Maart 23, 1952.
- (3) *Die Huisgenoot*: Junie 6, 1952 “Springbokke Tuis” 7 — W. H. Boonzaier.
- (4) Telefoononderhoud op 16.7.1968.

(3) **DU RAND, Jacobus Michau**, „who has always been ‚Salty‘ as long as he can remember, was born in Hofmeyr, C.P. (on 16th January 1926), but learned his rugby at Cradock, Cape.”¹⁾ In 1942 matrikuleer hy te Cradock, en in 1947 behaal hy die Graad B.Sc. (Landbou). „He came to the fore at Stellenbosch University under the aegis of Danie Craven, played for Western Province in 1947 and for Rhodesia where he went farming, in 1949.”²⁾

Van 1949 tot die einde van 1952 is hy tabakboer in Rhodesië, alwaar hy op 7 September 1952 met ’n nooie Bowyer in die huwelik getree het. Van 1953 tot hede is hy woonagtig te Pretoria waar hy die afgelope sewe jaar aan die drankhandel verbonde is.

Hy het as Rhodesiër die Springbokke se geleedere versterk in 1949 (teen die All Blacks en in 1951/52 (teen die Leeus oorsee). In 1953 (teen die Wallabies) en in 1955 (teen die Leeus) speel hy vir Noord-Transvaal hier te lande, en weer in 1956 teen die All Blacks in Nieu-Seeland.

„After making two initial Test appearances in S.A. against the 1949 All Blacks on the flank, he arrived in the British Isles (1951/52) as the first choice for the second row and played in all five international matches, even though he had to be carried to bed with a high temperature after playing in the now memorable match against Wales.

The complete Springbok second row of Fry, Du Rand, Dinkelmann and Van Wyk could hardly have been bettered, but it was against the British Lions in 1955, and in 1956 (against the All Blacks — as vice-captain), that Salty du Rand gave his best.”²⁾ In sy laaste toetsreeks het met sy deelname aan 14 wedstryde al vier die toetse ingesluit.

BRONNE:

- (1) STENT, R. K.: *The Fourth Springboks* 1961 - 1952.
- (2) THOMAS, J. B. G.: *Great Contemporary Players*.
- (3) Telefoononderhoud op 19.7.1967.

(4) **LOCHNER, George Philippus** (bygenaamd „Flappie”) is op 11 Januarie 1914 te Van Rhynsdorp gebore. Sy skoolonderrig ontvang hy op Moorreesburg van 1921 tot 1930 — hier begin sy rugbyloopbaan in 1929 en in 1930 speel hy skrumskakel vir sy skool se eerste span.

Reeds in sy studentejare op Stellenbosch (1931 tot 1934) het hy „goed gespeel, eers as skrumskakel vir die Onder-19A. Mark het destyds van Flappie gesê: ‚I don’t know where, but that fairheaded boy will play for South Africa.’ Ná die Onder-neëntienjare het hy senter begin speel, en by tye ook die eerste span gehaal.”³⁾

In 1935 het hy begin onderwys gee, eers 6 maande lank op Cradock en

die res van die jaar te Somerset-Oos. Van 1936 is hy werksaam aan die Kingswood College, Grahamstad. Hier in Grahamstad, waar Danie Craven saam met Flappie Lochner hul rugby volgens Oubaas Mark se resep beoefen het, het Flappie se spel vir Danie geïmponeer en hy telegrafeer toe aan die Oubaas „Flappie Lochner speel puik voetbal. Wat van proefwedstryde?” (d.w.s. die proefwedstryde in 1937 waarheen Lochner tot op daardie tydstip nie uitgenooi was nie). Na ’n week kom die antwoord: ‘Lochner gekies vir Nieu-Seeland-toer. Laat hom alle reëlings tref vir verlof.’

Dit was Flappie se eerste toer oorsee as Rugbyspringbok. Hieroor skryf Danie Craven o.m. die volgende: „Daardie toer was bestemd om groot dinge op te lewer . . . Die derde toets sou die reeks beslis en vir hierdie belangrike wedstryd word Flappie bo Jimmy White gekies, en wat doen hy? Die wedstryd was skaars drie minute aan die gang toe hy ’n aangee van Harris op sy skouer vat, iets wat Sullivan (All Blacks) nooit verwag het nie, want hy het vir die bal geskiet en nie vir Flappie nie — dié vat die gaping en stuur Babrow oor. Die fondament was gou en goed gelê en ons klop die All Blacks 17—6.”¹⁾

Oor daardie dae skryf Flappie Lochner vandag soos volg: „Die interessantste ondervindings in my rugbyjare is in baie gevalle die optrede van wyle Oubaas Markotter wat my rugbyloopbaan byna geheel-en-al oorheers het. Hy het vanaf my Onder 19 dae op Stellenbosch my rugby gevolg en ek het eers in my derde jaar bewus geword van sy belangstelling in my. Hy het my by baie geleenthede geklap en selfs geskop en in alle posisies in die agterlyn laat speel.

In 1937 het hy ’n telegram aan dr. Craven gestuur om te sê dat ek reeds gekies was voordat die proefwedstryde plaasgevind het. Dr. Craven was toe as onderwyser werksaam by St. Andrews en ek op Kingswood College en ons het reeds ’n paar jaar saam gespeel vir die O.P. Oubaas Mark het ’n groot risiko met my geloop maar sy sin gekry en soos die geluk dit wou hê is sy vertroue in my nie teleurgestel nie: Dit word vertel dat hy siek was tydens die laaste toets in Nieu-Seeland in 1937 maar na die wedstryd was hy weer springlewendig.”²⁾

In die toetswedstryde teen die Britse Leeus in 1938 in Suid-Afrika het Lochner nogmaals sy Springbokkleure gedra.

In 1939 is Flappie weer terug vir verdere studie en nog rugby op Stellenbosch. Dan keer hy terug tot die onderwysberoep. In 1940 gee hy een kwartaal lank onderwys op George, en daarna gaan hy na die W.O.K. (Wellingtonse Opleidingskollege), waarvan hy tans die Onderhoof is.

Op 28 Desember 1943 tree Flappie te Stellenbosch met mej. Jeanette Hofmeyr in die huwelik, waaruit daar gebore is twee seuns, Tobias en

Wilhelm (tans albei Argitektuurstudente op U.P.) en twee dogters Annelie en Christien wat op Wellington skoolgaan.

En vandag? „Een van die vernaamste ratte in die masjien wat Suid-Afrikaanse rugby die laaste paar jaar teen 'n moeilike bult uitgesleep het. So praat kenners van mnr. Flappie Lochner, sameroeper van die nasionale keurkomitee wat pas weer 'n sterk Springbokspan Frankryk toe gestuur het vir 'n veeleisende toer onder baie moeilike omstandighede.”³⁾

BRONNE:

- (1) CRAVEN, dr. D.: *Oubaas Mark*, Julie 1959.
- (2) Persoonlike mededelings deur mnr. Flappie Lochner per brief gedateer November 1968.
- (3) Artikel getitel: „Flappie Lochner het S.A. rugby laaste jare die moeilike bult uitgesleep” in *Hoofstad*, Donderdag, 7 November 1968.

— G. J. VAN ECK.

DIE HERKOMS VAN DIE NAME VAN DIE STRATE IN DIE OMGEWING VAN DIE PRETORIASE ONDERWYSKOLLEGE

(*Vervolg*)

TROYESTRAAT is vernoem na Gustav Arthur Troye wat op 3 Januarie 1860 in Duitsland (Rostock) gebore is as enigste seun van F. Troye. Hy het onderwys ontvang in Duitsland en aan die Camborne-mynskool.

In 1877 stap hy in Kaapstad aan wal, vestig hom in Transvaal in 1882 en tree in 1886 in die huwelik met Amy, 'n dogter van A. R. Gooch.

Van 1884-1889 werk hy te Pretoria in die Landmeter-generaal se Departement en doen blykbaar in daardie tyd opmeetwerk o.a. van die gedeelte in Sunnyside waar Troyestraat langs loop. Hy het ook baie welbekende algemene en spesiale kaarte van Transvaal en die Goudvelde saamgestel.

Tussen 1892-96 staan hy aan die hoof van die Mynopmetingsdepartement van die Barnato-groep.

In die jare 1897-98 reis hy in Australasië en Noord-Amerika waar hy die belangrikste myne besoek en bestudeer.

Van 1902 tot 1913 is hy konsult-ingenieur in Johannesburg waar hy ook voorheen vir die Bezuidenhout- Van Boeschoten-belange opmetings

gedoen het. Troyeville en Troyestraat in Johannesburg is na hom vernoem.

In 1913 het hy op sy plaas Amatava in die Waterberge gaan woon om sitrusboorde te ontwikkel vir nedersetters en volbloed beeste en Kataloniese eselhyndjies te teel. Hy was destyds op Potgietersrus woonagtig.

Hy is op 25 Augustus 1930 oorlede.

- (Bronne: 1. Leyds, G. A. *A History of Johannesburg*, 1964, bl. 48.
2. *S.A. Who's Who* 1925-26, bl. 272.)

VAN BOESCHOTENLAAN wat van die trembrugsirkel af parallel met die Apiesrivier suidwaarts loop, is vernoem na die heer (later sir) Johannes Gerhard van Boeschoten.

Ewenas menige pionier van die ou Transvaal, was Van Boeschoten van Hollandse afkoms. Sy vader Hendricus het na die Z.A.R. gekom in die agtienvyftiger jare toe die Groot Trek nog vars in die geheue was, en het hom met sy gesin naby Louis Trichardt op Schoemansdal gevestig, waar hy en sy vrou albei aan malaria beswyk het, nie lank nadat hulle daar gaan woon het nie.

Johannes het die eerste lewenslig in die Republikeinse hoofstad aanskou in 1862 — 'n paar jaar voordat sy ouers, broers en susters na Noord-Transvaal versit het. Na sy ouers se dood, moes Johannes se oudste broer, Cornelius, op 18jarige leeftyd, die sorg van die gesin op hom neem. Uit sy eie uit het Cornelius 'n skool te Marabastad gestig saam met 'n ander jong nedersetter, genaamd George Rex (verwant aan die bekende Rexe van Knysna, 'n afstammeling van George III en die vader van die latere eerste burgemeesteres van Pretoria, mev. M. C. Malherbe). Johannes van Boeschoten was een van die eerste leerlinge uit 'n ongelooflike totaal van 300 skoliere wat soggens deur Cornelius in Hollands en smiddags deur George in Engels onderrig is.

As jongman keer Johannes terug na Pretoria waar hy as prokureursklerk hom laat inskryf by H. W. Cooper, aan wie se belangstelling in openbare sake, Van Boeschoten dank verskuldig is vir sy eie latere beywering in daardie rigting. Nadat hy hom as prokureur bekwaam het, het hy aktief belanggestel in die ontwikkeling van Pretoria — destyds het daar haas geen voorsiening bestaan vir sulke elementêre behoeftes soos water en ligte nie.

Na die ontdekking van goud aan die Rand, word Van Boeschoten in 1887 van Pretoria na die „Goudkamp” gestuur om daar 'n kantoor vir 'n prokureursfirma te open.

In 1892 trou hy met Edith Grace David van Longharne, Suid-Wallis, Engeland.



SIR JOHANNES VAN BOESCHOTEN

(Foto: Stadsraad van Pretoria)

Kort voor die Tweede Vryheidsoorlog begin Van Boeschoten weer deelneem aan Pretoria se munisipale sake, maar hy het eers na die Vrede van Vereeniging op die voorgrond getree. Hy het hom te Sesmylspruit gevestig en homself as 'n Pretorianer beskou, hoewel hy nog op die Rand bedrywig was.

In daardie tyd het hy ook 'n gerieflike huis gehad tussen Rissikstraat en die destydse „Harmonie” van die Van Warmelo's, welke eiendom deur die Engelse beset is na die inname van Pretoria op 5 Junie 1900.

Die groot geleentheid het vir hom aangebreek toe hy lid geword het van Pretoria se eerste verkose Dorpsraad in 1903. Binne twee jaar word hy burgemeester, eers van 26 Oktober 1905 tot 1906, en weer van 4 November 1908 tot 1911. Tydens sy laasgenoemde burgemeesterstermyn is hy tot ridder geslaan deur die hertog van Connaught wat in Pretoria die hoeksteenlegging van die Uniegebou waargeneem het op 26 November 1910.

Met die koms van die Unie het sir Johannes hom met welsprekendheid pal en onvermoeid daarvoor beywer om Pretoria as administratiewe hoofstad erken te kry. As dit nie vir hom was nie, kon die hoofstad ewe goed gestig gewees het op een van die baie ander dorpe wat aanspraak op die eer gemaak het op 'n tydstip toe die Nasionale Konvensie besig was aan die raamwerk vir ons konstitusie in 1908 en 1909.

Een van sy grootste oorwinnings was die behoud van Kerkplein — sommige mense wou staatskantore daar laat oprig — maar Van Boeschoten het die plan beveg en het daarin geslaag om dit die aantreklike Kerkplein te maak wat dit deur die jare geword het.

Grootliks ten gevolge van sy pogings, het die munisipaliteit die verouderde mark- en ander konsessies oorgeneem. Belastingheffings is gemoderniseer en 'n elektriese tremdiens ingestel en nuwe dorpsgebiede uitgelê. Ook vir die hoër-onderwys het hy gewerk en help stig aan die oorspronklike Transvaalse Universiteitskollege wat tot die Universiteit van Pretoria gegroei het.

In die later jare het hy op sy plaas bly woon en slegs nou en dan deelgeneem aan openbare sake, soos bv. toe die Louis Botha-tehuis in 1918 gestig is ter ere van die staatsman met daardie naam.

Op 14 Julie 1937 op 75 jarige leeftyd het Sir Johannes van Boeschoten heengegaan na 'n vol en ryke lewe.

- (Bronne: 1. *S.A. Who's Who*, 1911 (bl. 479).
2. *South African Municipal Magazine*, March 1949. "Pioneers of South African Municipal Government", by Eric Rosenthal, bl. 27 and 53.
3. *Southern African Dictionary of National Biography*, compiled by Eric Rosenthal.
4. *Pretoria 1855-1955*, bl. 377.
5. *Die Kappie Kommando*, door Johanna Brandt, 1915).

WALKERSTRAAT, Muckleneuk, dra die naam van Mackenzie Harry Walker, na wie ook Walkerspruit vernoem is. „Mackie”, soos hy algemeen bekend was, is op 27 Desember 1948 te Maritzburg, Natal, gebore. Hy was een van die vier seuns van Arthur Harry Walker destyds ’n beroemde prokureur in Natai.

Hy ontvang sy onderwys aan King’s College en die Universiteit van Londen, Engeland. By sy terugkeer in Natal, kon hy nie sy weg vind in sy vader se prokureurskantoor nie en gaan in 1868 na Transvaal. Nadat hy sy landmetersdiploma verwerf het (wat hy met behulp van groente- en vrugteboerdery moes bekostig), tree hy op 19 Januarie 1882 in die huwelik met August Maria, dogter van Alfred White (toe al oorlede) en klein-dogter van Richard White, kaptein van die Royal Navy. Hulle had vier kinders, maar net ’n seun het groot geword wat in 1920 op sy ouers se plaas op die Springbokvlakte oorlede is.

Na hul huwelik, het die twee jongmense, maar karig toegerus vir die lewe, “took the veld with wagon, oxen and surveying instruments and such provisions as they could afford.”⁵ Van hierdie tydperk in haar lewe het sy eggenote in 1944 — toe reeds in haar 95ste lewensjaar en 17 jaar lank al weduwee — getuig dat dit die gelukkigste 10 jaar in haar lewe was.

Hoewel een van „Mackie” se eerste take na hul troue was die opmeting van generaal Christiaan de Wet se plaas, het hy ’n groot deel van sy opmeetwerk in en rondom die huidige Pretoria verrig.

Onder die plaasboere was „Ou Mackie” ’n ou bekende en alom beminde figuur wat vir hom ’n reputasie opgebou het vanweë sy eerlikheid wat hom male sonder tal daarvan weerhou het om homself ten koste van hulle te verkryk en self ’n miljoenêr te word.

In 1875 het Mackie Walker die deel van Elandspoort 193, besuide Sunnyside, tot op die rand aangekoop, wat later die voorstad Muckleneuk geword het. In 1888 het hy nog ’n stuk grond in Groenkloof van die Bronkhorst-familie aangekoop, op welke gedeelte die voorstad Nieu-Muckleneuk later aangelê is. Van die grondkoperij vertel mev. “Mackie” Walker:³ “The Walkers were the owners of the whole of Bailey’s Muckleneuk, which they purchased for £500; they then sold a portion of it to a John Preller for £500 and retained the rest for themselves at no cost. Walker Street. Muckleneuk is, of course, named after them.”

Alhoewel Mackie ’n burger van die Z.A.R. was, in die sake waarvan hy ’n belangrike rol kon vervul het, het hy alle voorstelle om aan die die politiek mee te doen, konsekwent afgewys en wou geen openbare amp aanvaar nie.

Omstreeks 1916 het hy op sy plaas Klippan, op die Springbokvlakte gaan woon, waar hy op die middag van 2 Mei 1927 in die ouderdom van

78 jaar na 'n siekte van 'n paar maande oorlede is. Hy is die volgende dag in die Pretoriase Ou Begraafplaas begrawe.

(Bronne: 1. *Pretoria* 1855-1955.

2. *S.A. Who's Who*, 1910, bl. 424.

3. *Iscor News/Nuus*, Sept. 1944, art. oor Mrs. "Mackie" Walker, „Pretoria's Oldest Resident?"

4. *The Pretoria News*, May 2, 1927: "Mr. Mackie Walker, Death of a well-known old Pretorian."

5. *The Pretoria News*, May 3, 1927: "The Late Mr. Mackie Walker. A Veteran Surveyor and Pretoria Pioneer" — by Vere Stent.)

PRESIDENTSTRAAT wat parallel loop met Joubertstraat, laat 'n mens al dadelik dink aan die staatsmanspaar van die Z.A.R., naamlik pres. Paul Kruger en sy kommandant-generaal Piet Joubert. Wanneer Presidentstraat eger die naam gekry het, en of dit wel na pres. Kruger (en nie straks na pres. Burgers nie) vernoem is, kon tot dusver nie by die geraadpleegde instansies of uit die nagegane bronne vasgestel word nie.

Wat wel daarop skyn te dui dat die straat na dié President (naamlik Paul Kruger) vernoem is wat 'n veel groter rol as sy voorganger (Burgers) gespeel het in die geskiedenis van Transvaal in geheel en van Pretoria in besonder, is onder meer die volgende:

Pres. Brugers was reeds vernoem in Burgerspark; hy was tydens sy presidentskap en ook daarna, nooit wonderlik gewild in Transvaal nie.

In pres. Kruger se tyd, d.w.s. na die ontdekking van goud op die Rand, was daar te Pretoria 'n President Theatre (*langs die huidige Capitol*) en 'n President Hotel (*waar die huidige Standaardbank tans is*) wat nagenoeg dieselfde tyd daardie naam moes gekry het as Presidentstraat wat al op kaarte van om en by 1890 verskyn toe die huidige Van Boeschotenlaan nog „Lovers Walk" geheet het.

Ook Krugerplein wat ongeveer tussen die huidige strate Esselen, Jorissen, Spuy en Johnstone geleë was, is vermoedelik in daardie tyd vernoem.

ERICASTRAAT is vernoem na regter Esser se dogter Erica, later mevrou Blain, woonagtig naby Marquard, O.V.S. Die grond is waarskynlik destyds uitgegee deur Ameshoff, 'n goeie vriend van die Essers.

INEZSTRAAT dra die naam van Inez van Reenen, dogter van ene Jacob van Reenen, 'n destydse intrekker van die Vrystaat af. Ewenas die Essers was die Van Reenens goed bevriend met die Ameshoffs wat, soos hierbo gemeld, waarskynlik daardie grond uitgegee het. Mej. Van Reenen het later mev. Newbury geword en te Bloemfontein gewoon.

(Mej.) K. M. VAN ECK.

WYSIGING VAN DIE GENOOTSKAP SE GRONDWET

Op 'n Algemene Jaarvergadering gehou op Donderdag, 24 April 1969 is die volgende besluite geneem:-

1. Skrap Artikel 16 en vervang dit met die volgende:-

„16. (a) Die FINANSIËLE JAAR van die Genootskap sal op 31 Desember 1969 en daarna op die 31ste dag van Desember van elke jaar beëindig word.

(b) Die ALGEMENE JAARVERGADERING van lede van die Genootskap sal binne vier (4) maande na die einde van die finansiële jaar gehou word en skriftelike kennisgewing daarvan, vergesel van die Agenda vir die vergadering, die ge-auditeerde Balansstaat met Inkomste- en Uitgawerekening, asook Bestuursverslag vir die voorafgaande jaar, sal nie minder nie as een-en-twintig (21) dae voor die datum waarvoor die vergadering belê is aan lede ge-pos word, geadresseer aan die lid se adres soos by die Genootskap geregistreer.”

2. In Artikel 17 skrap die woorde „behalwe in November”.

AMENDMENT OF CONSTITUTION OF THE SOCIETY

The following resolutions were passed at an Annual General Meeting held on Thursday, 24th April, 1969:-

1. Delete the present Article 16 and substitute the following:-

“16. (a) The FINANCIAL YEAR of the Society shall terminate on the 31st December, 1969, and on the 31st December of each year thereafter.

(b) The ANNUAL GENERAL MEETING of members of the Society shall be held within four (4) months of the termination of the financial year of the Society and written notice thereof together with the Agenda, the Audited Balance Sheet with Income and Expenditure Account and Report of the Executive for the year terminated shall not less than twenty-one (21) days before the date of such meeting be posted to each member addressed to his address registered with the Society.”

2. In Article 17 delete the words “except during November”.